

**SKRIFLESING:** Open 2:1-7

**Tema:** Eerste liefde!

Die skrywer van die brief wat ons gelees het, is God. Johannes skryf net neer wat God vir Hom sê.

God rig hierdie brief aan alle gemeentes, maar in die eerste plek aan die gemeente in Efese.

Efese was 'n stad met ongeveer 250 000 inwoners. Die stad was 'n belangrike handelsstad by 'n riviermond en met 'n groot hawe. Soos in enige hawestad, was hier 'n uiteenlopende klomp kulture en godsdienste en mense van verskillende stande versamel. Die stad is gekenmerk deur losbandigheid en afgodsdienste. Een van die sewe wonders van die destydse wêreld, die tempel van die godin van vrugbaarheid was in Efese. Hier was onder andere ook tempels vir keiserverering en -aanbidding

In hierdie deurmekaar omgewing was, vir die Christene in Efese, die suiwer leer baie belangrik. Hulle het die slegte leer en sonde nie verdra nie. Hulle glo nie elke Jan Rap en sy maat wat voorgee dat hulle God se boodskap preek nie.

Hulle het alle dwaalleer verwerp, ook die dwaalleer van die Nikolaïete. Ons weet min van die Nikolaïete. Hulle was waarskynlik 'n groep wat kompromieë getref het met sonde. Hulle ag sekere sonde nie so erg soos wat ander dink nie en probeer so om afgodery en onsedelikheid in die kerk in te bring.

Die gelowiges in Efese kon vasbyt wanneer dit swaar gaan. Hulle hou net aan en aan. In die naam van die Here kon hulle baie verduur. Hulle het nie moeg geword nie.

Van buite af gekyk, was die Efese gemeente 'n indrukwekkende gemeente. Maar hier was 'n probleem in dié gemeente – hier was een ding wat die Here teen hulle het. Ons kom nou daarby.

Ek dink Kraggakamma gemeente is ook op vele terreine 'n indrukwekkende gemeente. Ons het Dinsdagaand Zoom ringsitting gehou en ek het net weer besef dat hier 'n klomp positiewe goed is wat in die gemeente gebeur.

Ek vind by baie van ons 'n eerlike poging om God se fontein van liefde te wees. Ons is eerlike opsoek na God se wil. Ons wend 'n eerlike poging aan om dit te leer en te leef.

Baie gemeentedele het 'n lewende verhouding met die Here en is kerk in hul huise, by die werk en in die wêreld daarbuite.

Ons verstaan iets daarvan om geseënd te wees sodat ons ander kan sien. Ons ondersteun 'n klomp bedieninge by byvoorbeeld Getuienis en Diens van Barmhartigheid. By ons voedselprojek, is behalwe vir voedsel en klere geskenk, reeds meer as 'n kwartmiljoen rand se voedsel aangekoop en afgelewer.

In die afgelope moeilike, vreemde en deurmekaar jaar toon ons boeke 'n surplus. Dit is, om die minste daarvan te sê, vir my indrukwekkend. Maar ek wens ek het geweet wat God van ons, as sy gemeente, dink.

Ons doen baie vir die Here. En ek twyfel geen oomblik dat dit wat ons doen vir die Here belangrik is nie. Maar nog belangriker is waarom ons doen wat ons doen? Daarom is die Here se eerste vraag nie wat ons doen nie, maar waarom ons doen ons wat ons doen? Wat motiveer ons?

Ek het die vraag ook al 'n paar keer vir myself afgevra. Waarom doen ek wat ek doen? Almal van ons is voltyds in God se diens. Ons kan nie anders as om Hom, uit dankbaarheid, te dien nie. Ons as dominees is so bevoorreg, dat ons nog vir ons dankbare diens betaal word ook. Maar sê nou net ek kry nie meer betaling nie of my salaris word gesny soos met al meer dominees die geval is, sal ek die Here steeds voluit met vreugde dien? Sal ek Hom nog so liefhê soos aan die begin?

Onthou jy nog jou eerste liefde? Jou vinnige hartklop, die huppel in jou stap en die vonkel in jou oog?

Onthou jy die dag toe jy gereageer het op die Here se liefde en sy roepstem en jou lewe aan Hom oorgegee het, die absolute onvoorwaardelike en onverantwoordelike commitment?

Ons lees van die probleem in die Efese gemeente in Open 2:4-5a: "Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het."

Die gemeente het so besig geraak en so gefokus geraak om vals leer te bestry, dat hulle aanvanklike geesdrif afgekoel het. Die passie, vuur en liefde wat hulle vir Jesus gehad het, het verflou. Die Here is nie meer die belangrikste persoon in die gemeente nie.

Die gemeente vol aksie en standpunt inneem teen dit verkeerd is het dalk die koerant gehaal. Maar hulle het, in God se oë, ver agteruit gegaan.

Vandag is die gemeente in Efese nie meer daar. Die Here het die lamp weggevat. Waar die kerkgebou was, staan 'n Moslem moskee.

Dalk het van ons, veral in die tyd van die inperking, ook so bietjie traag geword. Ek weet nie. Dalk wil die Here my en jou, vir ons as gemeente ook in vers 4-5a waarsku en opnuut oproep tot vurige liefde: "Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het."

Mense sien ons goeie werke, maar die Here mis ons geesdrif.

Mense sien ons finansiële bydraes, maar die Here sien of dit 'n regtig dankie sê offer uit die hart is. Jy woon kerk by, maar is dit regtig 'n erediens - 'n diens tot eer v God? Gaan ons kerkwees nie baiekeer oor my en my belange en behoeftes nie. Ek vra wat ek kan kry en nie in die eerste plek wat ek kan gee nie?

Wanneer ons dit wat ons doen vir die Here, nie doen omdat ons Hom liefhet nie en ons doen dit uit gewoonte, om ons gewete te sus of net omdat iemand jou gevra het, gaan dit wat ons doen nie bly staan nie. Geen werk vir die Here is blywend as dit nie aangevuur word deur liefde vir Hom en vir ander nie.

Wanneer ons diensbaarheid, getuienis en standpunt inneem teen dit wat verkeerd is nie vloei uit ons liefde vir die Here nie, gaan ons gemeente ophou bestaan

**Daarom rig die Here aan ons sy dringende oproep om weer seker te maak of ons nog die Here so liefhet soos aan die begin?**

Here bly ons eerste liefde wanneer ons ons lewens hoe langer hoe meer aan Hom oorgee. Ons lees in Open 2:5: "Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!

Bekeer is 'n omdraai, 'n U draai weg van sonde en ander goed wat ons aandag aflei, terug na God toe.

Die Here bly ons eerste liefde wanneer ons elke dag opnuut "commit." Kies dat Hy jou eerste liefde bly. Lees Bybel en leef gehoorsaam 'n loflied lewe. Bly op jou knieë en bid: "U moet meer word en ek

minder.” Stel jou lewe oop, gee oor dat die Heilige Gees al meer beheer oorneem. Vat hande met medegelowiges en hardloop die wedloop van geloof saam.

In daaglikse bekering en “commitment” sal ons Hom bly liefhê soos aan die begin. En so sal ons altyd sy fontein van liefde wees.

Amen